NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 19 – Uitgawe 12
2 April 2026

# Lydenstyd in ’n tyd van oorloë en gerugte van oorloë

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Ons is vandag die veraf getuies van oorloë en gerugte van oorloë.**

Israel en die VSA se oorlog teen Iran raak ons tot hier aan die suidpunt van Afrika: die brandstofprys het pas skerp gestyg. Baie van ons het familie en vriende wat in die lande om die Persiese Golf werk en woon. Daar is duisende mense wie se reisplanne deur missiele, hommeltuie en vegvliegtuie omvergewerp is.

Hierdie oorlog het reeds die lewe van duisende mense geëis, insluitend 165 onskuldige Iranse meisies wie se meisieskool deur ’n Amerikaanse missiel getref is. Die oorlog het ook reeds oor die Midde-Ooste versprei, met Iran wat aanvalle op Arabiese state om die Persiese Golf loods wat Amerikaanse basisse huisves, en Israel wat deurlopend aanvalle op Libanon en ander naburige lande uitvoer.

Terselfdertyd gaan die geweld en menseregtevergrype in Gasa en die besette Palestynse gebiede aan die Wesoewer van die Jordaanrivier onverpoosd voort – ten spyte van ’n skietstilstand wat in Oktober 2025 afgekondig is. Volgens die UNRWA is ongeveer ’n kwartmiljoen Palestyne in die Gasastrook dood en beseer sedert Hamas se aanval op Israel in Oktober 2023. 95% van die geboue en infrastruktuur in Gasa is vernietig, en 2 miljoen mense is haweloos gelaat. Verder is daar aan die Wesoewer (in Palestynse gebiede, insluitend Jesus se geboortedorp Bethlehem) net verlede jaar 1 045 burgerlikes vermoor, 2 500 burgerlikes beseer en 65 000 mense haweloos gelaat, terwyl die Israeli’s meer as 1 200 nuwe hekke en kontrolepunte om die Palestynse gebiede opgerig het wat die Palestyne se vrye beweging in die land van hulle geboorte inperk (PIBS).

In Oos-Europa woed die langste, duurste en dodelikste oorlog sedert die Tweede Wêreldoorlog nou reeds meer as vier jaar lank voort. Rusland het reeds ongeveer 1,2 miljoen ongevalle gehad en Oekraïne ongeveer die helfte soveel. Dit sluit ongeveer 40 000 burgerlikes in wat deur Russiese missiele en hommeltuigaanvalle gedood of beseer is, en amper 20 000 Oekraïense kinders wat uit besette stede ontvoer en na Rusland geneem is.

In Afrika is daar al vir dekades oorloë in Somalië, en tans ’n volskaalse oorlog in Soedan, met ongeveer 11 miljoen mense wat uit hul huise gedryf is en meer as 3 miljoen wat na buurlande gevlug het. Die noordoostelike deel van die Demokratiese Republiek van die Kongo het ook die afgelope jare gewapende konflik ervaar met meer as 3 miljoen mense wat uit hul huise moes vlug. In Wes-Afrika (Tsjad, Mali, Burkina Faso, Niger, Benin) is daar deurlopende konflik tussen Moslem-militantes en owerhede met dorpies wat aangeval en uitgewis word, en veral kinders wat ontvoer word.

Lyding. Onbeskryflike lyding.

Al die evangelies (eers Markus, toe Matteus en Lukas, en laastens ook Johannes) is geskryf ná die Joodse opstand wat in 70 nC wreed deur die Romeine onderdruk is. Die ervaring van oorlog, gevolg deur hongersnood en siekte, is vars in die skrywers en lesers se geheue.

Wanneer Matteus 24 dus beskryf hoe Jesus en sy dissipels (voor die oorlog) op die Olyfberg sit en uitkyk op die tempel in Jerusalem, verstaan die lesers dus baie goed hoe Jesus se voorspelling dat nie een klip uit daardie indrukwekkende tempel op die ander gelaat sou word

nie (Matt 23: 2), waar geword het. Hulle verstaan goed dat nie elkeen wat na vore tree en homself aanbied as die Christus (die verlosser wat Israel verwag het) geglo kan word nie (Matt 23: 5). Hulle weet presies waarna Jesus verwys as Hy hulle waarsku om nie verskrik te raak oor oorloë en gerugte van oorloë nie (Matt 23: 6). Hulle het dit gesien. Hulle het die gevolge daarvan aan hulle eie lywe gevoel.

Daarom hou die lesers, die vroeë kerk, eerder vas aan Jesus se belofte dat diegene wat tot aan die einde volhard, verlos sal word. Hulle onthou die opdrag dat die evangelie oor die hele wêreld verkondig moet word as getuienis vir al die nasies. (Matt 23: 13-14). Dít, soveel te meer, omdat hulle die berigte gehoor het dat Jesus uit die graf opgestaan en aan talle mense verskyn het.

Ons kan maklik terneergedruk raak oor al die onreg en geweld in ons wêreld. Ons kan maklik op sleeptou geneem word deur mense wat hulself as ons verlossers aanbied en geweld met geweld wil beveg.

Ons Here, Jesus Christus, het sy dissipels tereggewys toe hulle sy gevangeneming met wapengeweld wou verhoed. Hy het gewillig op die skrikwekkende lydensweg gegaan sodat daar vir ons genesing kan kom. Aan die kruis het Hy gesê: *Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie* (Luk 23: 34).

Laat ons in hierdie lydenstyd nie deur oorlogsugtiges en selfaangestelde verlossers op sleeptou geneem word nie. Laat ons eerder vredemakers wees, want dan sal ons kinders van God genoem word (Matt 5: 9). Laat ons diegene vergeef wat teenoor ons skuldig staan (Matt 6: 12), omdat ons hemelse Vader ons reeds ter wille van Jesus Christus vergeef het.

Laat ons verkondig: Die Heer het opgestaan, die Heer het waarlik opgestaan! Aan Hom behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

(Die standpunte in die teks is nie noodwendig die beleid of standpunte van die NHKA nie.)

**Dr Wouter van Wyk**
**(Sekretaris: Kommissie van die AKV)**

## Lief en leed

- Die Eendrachtkring het laat weet dat **dr Christo Viljoen** (emeritus) **se jongste broer, Lou Viljoen,** onlangs oorlede is. Mnr Viljoen was welbekend in Gemeente Bronkhorstspruit. Ons betuig simpatie met dr Viljoen en sy broer se familie.

- **Die volgende predikante verjaar tot 10 April. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
    - Donderdag 2 April: Prof AB (Ananda) Geyser-Fouché (dosent/Philadelphia) en ds L (Leanie) Lemmer (Bellville)
    - Vrydag 3 April: Ds D (David) Barnard (emeritus/Magaliesmoot)
    - Saterdag 4 April: Di AS (Armandt) Botha (Elsburg/Groeneweide) en GS (Stephan) Botha (Rustenburg-Suid)
    - Sondag 5 April: Prof T (Tanya) van Wyk (dosent/Nederlandssprekende Gemeente)
    - Maandag 6 April: Ds TH (Theo) Janse van Nieuwenhuizen (emeritus)
    - Dinsdag 7 April: Ds FJ (Frans) Redelinghuys (emeritus)
    - Woensdag 8 April: Di M (Marius) Bacon (emeritus/Delareyville) en J (Joha-Lize) Uys (Kathu/Kuruman/Postmasburg)
    - Vrydag 10 April: Ds SW (Schalk) Zastron (Ermelo)

## Gemeentes en bediening


Dr Hein Delport

- **Dr H (Hein) Delport** (hoof van die HTK) het 'n beroep na Swartkop (deeltyds) ontvang.

## Werksgeleenthede

- **Seestergemeente Brackenhurst** beskik oor 'n **halfdagpos vir 'n sekretariële beampte**. Taakomskrywing behels onder andere finansiële en administratiewe take, kommunikasie en korrespondensie met die kerkraad, dagbestuur en die gemeente asook administratiewe take rakende kerklike dokumente, projekte, en lidmaatregisters. Belangstellendes kan hul CV na **seestergemeente@gmail.com** stuur. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 6 April 2026**.

## Vergaderings

- Vrydag 10 April: Moderamen

## Kerklike en ander publikasies







## Fondsinsamelings en Kerksake




- **Seestergemeente Brackenhurst** nooi u uit na hul **Paassangdiens** op 5 April om 09:00 saam met **Ryan Walt en Steven Sterling**.

## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.




## 'n Gedig

**Maria**

in betlehem kyk sy af na hom
die lyfie skoon
toegedraai in doeke
in 'n krip

op golgota kyk sy op na hom
die lyf bebloed
aaklig naak
aan 'n kruis

**Prof Andries PB Breytenbach**

## Toerusting




- **Stasies van die Kruis** by **Gemeente Centurion-Oos**, Napierweg 103, Lyttleton. Die Stasies van die Kruis bied ons die geleentheid om in ons eie leefwêreld 'n pelgrimstog te onderneem en in die gees die krag van die Pase te beleef. Jy is welkom om dit saam op **jou eie tyd** te kom beleef. Dit sal sinvol wees om 'n uur of meer opsy te sit om deur die stasies te beweeg. Die stasies verskil jaarliks. Daar is 'n handleiding beskikbaar by die begin van die stasies. Toegang is gratis, maar donasies is welkom, ook in die vorm van nie-bederfbare kos.
    - Maandag 30 Maart: 09:00-12:00
    - Dinsdag 31 Maart: 09:00-12:00 en 16:00-20:00
    - Woensdag 1 April: 09:00-12:00 en 17:00-20:00
    - Donderdag 2 April: 09:00-12:00 en 16:00-18:30
    - Vrydag 3 April: 10:30-13:00
    - Saterdag 4 April: 10:00-13:00

# KI-KATS

Demonstrasievideo-KLIK




**Die SGB Werkgroep vir Jeugbediening stel bekend:**

KI-Kats

'n Nuwe innoverende aanlyn Hoërskool Kategese Sisteem

- 2 Kurrikulums met 410 lesse beskikbaar.
- 'n AI-Tutor sisteem
- 'n AI-verslag sisteem


Leerders kan prente genereer, videos van les-interaksies genereer, 'n gedig genereer en 'n liedjie genereer.
Leerders klets met die AI-tutor, beantwoord vrae, leer Bybeltekste, en stel self vrae.

- 'n Globale punteleer vir alle leerders.
- Volledige dinamiese lesplanne vir alle mentors.

Toegang is slegs R100.
Probeer vandag die eerste les gratis.

**https://www.dramekaarselaste.co.za > Meer > Vir Kinders > Geloofsonderrig H/S**

**Inligting: deon7373@gmail.com**



## AANLYN DOOPKATEGESE

Die aanlyn doopkategesekursus is nou beskikbaar op die DraMekaarSeLaste toepassing.

- Die kursus is ideaal vir doopouers om die sakrament en hul doopbelofte beter te verstaan.
- Predikante kan dit ook as aanvullend tot hul doopkategese-gesprek gebruik.

Die kursus is beskikbaar teen R100 en is beskikbaar by:

**https://www.dramekaarselaste.co.za/**

> Meer > TOERUSTING > Geloofsgroei.

Het jy die passie om 'n verskil te maak, maar weet nie waar om te begin nie? Die Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB) maak dit nou vir elke lidmaat moontlik om met vrymoedigheid as gestuurde te leef.
Kragtens Ordinansie 4.1.2 is dit ons opdrag om mekaar toe te rus vir 'n missionêre leefstyl. Meer nog, ons word uitgedaag om tussen die 74ste en 75ste AKV nuwe, vars uitdrukkings van Kerk-wees te vestig en selfs nuwe gemeentes te plant!
Jou gereedskapskis is reg:

Op dramekaarselaste.co.za wag daar 'n splinternuwe platform wat jou nie net leer nie, maar jou stap-vir-stap begelei en bemagtig.

- Gratis Toerusting: Toeganklike hulpbronne vir elke lidmaat, sowel as;
- Formele e-Leer: Kursusse vir diegene wat dieper wil delf.
- Praktiese Begeleiding: Neem elke stap in missionale bediening met nuwe vrymoedigheid.
- Teken missionale aktiwiteite aan en leer ook by ander.



## AKTIVEER MISSIONALE BEDIENING

So begin jy:

1. Gaan na dramekaarselaste.co.za.
2. Registreer as gebruiker.
3. Kies Toerusting → Missionale Bediening.

Kom ons bou saam aan vars uitdrukkings van kerkwees.

Navrae: Dr Frikkie Labuschagne (Inhoud) - Dr Deon du Toit (Tegnies)
frikkie@nhk.co.za deon7373@gmail.com

SkillsPro GROUP

Departement van Teologie in samewerking met die NHKA

## Diploma in Bediening
### Deeltydse studies

Ten volle geakkrediteerde kwalifikasie: NQF Vlak 6
SAQA ID: 96454; aantal krediete 379; 5 jaar deeltyds

Eerste Diplomaplegtigheid Feb 2025



Vier Ouderlinge en een lidmaat uit die NHKA

***Toelatingsvereistes***
Nasionale Senior Sertifikaat met toegang tot diplomastudies, of gelykwaardige kwalifikasie

"Hierdie kwalifikasie is veral geskik om lidmate, kerkraadslede en kategete toe te rus vir dienswerk binne en buite die kerk."

***Inskrywings vir Februarie 2026 kan nou gedoen word.***

Navrae: Dr Deon du Toit
E-pos: ministry@skillspro.co.za
Selnommer: 082 894 5751

*Maak 'n verskil in die Koninkryk van God*

## Gebed vir die week

Jesus,

My hart is seer dat die marteling en hartseer wat U aan die kruis moes verduur,
nodig was om die mensdom te red.
U wou nie hê dat ons slawe van vrees, angs of sonde moes wees nie –
daarom het U Uself opgeoffer sodat die liefde kon oorwin.

Dis liefde wat aan die kruis gehang het en alles prysgegee het om ons te red.
*Dit is volbring*, was ’n oorwinningskreet,
want U het alles verslaan wat ons in ballingskap gehou het.

Te danke aan U opoffering kan ek vir altyd ’n hegte verhouding met U ervaar.
Dankie! Wys my hoe om u liefde vandag en elke dag bekend te maak.

Gebruik my om die wêreld te bereik vir wie U gesterf het
sodat ons verlos kan word.

Amen.

www.blog.youversion.com/af_ZA/2022/04/n-goeie-vrydag-gebed/



Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger